Die Burger Februarie28 2007 bl9

Top-atlete draf saam met Kaapse leerders

RICHARD ROBERTS

KAAPSTAD. – Leerders van 11 voorheen benadeelde gebiede in die Skiereiland sal vir die volgende twee weke die geleentheid gegee word om saam met twee van Suid-Afrika se top-atlete te draf.

Sowat 30 leerders sal saam met Elana Meyer, Suid-Afrikaanse langafstand-atleet, en Johan Landsman, die rekordhouer in die 1 500 m, draf.

Meyer het reeds verskeie wêreldrekords opgestel en is ook die houer van 'n silwermedalje by die Olimpiese Spele in Barcelona in die 10 000 m.

Meyer het gesê sy het ná haar uittrede in 2005 by verskeie projekte betrokke geraak. "Ek wil 'n verskil maak in die lewens van minderbevoorregte kinders van Suid-Afrika."

Dié inisiatief is deel van die veldtog "In die belang van ons lewe". Die veldtog is deur mnr. Cameron Dugmore, Wes-Kaapse minister van onderwys, bekendgestel en word deur verskeie sportpersoonlikhede en organisasies ondersteun.

Die projek is 'n gesamentlike poging deur die departemente van onderwys en gemeenskapsveiligheid, die provinsiale departement van vervoer en die sport-en opvoedkunde-stigting JAG om leerders hier aan 'n gesonder leefwyse bloot te stel, sowel as om buitemuurse aktiwiteite ná skool te bevorder.

Die veldtog het gister by die Hoërskool Modderdam in Bonteheuwel begin en sal tot 9 Maart duur.

Dugmore het gesê die leerders sal elke dag van hul eie skool tot by 'n buurskool draf.

Daar sal by elk van die skole met die skoolbestuur vergader word, waar verskeie kwessies soos veiligheid by skole, sportgeriewe en die moontlikheid van die aanlê van groentetuine bespreek sal word.

Die leerders sal omstreeks 07:00 begin draf en die verrigtinge behoort voor die begin van onderrig klaar te wees, het Dugmore gesê.

Leerders van die Hoërskool Modderdam het gister tot by die Hoërskool Arcadia gedraf. Hulle sal vandag tot by die Hoërskool Langa draf, waarna dié leerders tot by die Hoërskool Garlandale in Athlone sal beweeg.

"Die skole gaan elk 'n simboliese fakkel van vrede en vriendskap tydens die wedloop aan mekaar oorhandig. Ons wil hierdeur die veiligheid by Wes-Kaapse skole verseker.

"Ons wil ook aan hulle hoop en die nodige gereedskap gee om die regte besluite in die lewe te maak."

Hy het gesê die moontlikheid sal ondersoek word om die program landwyd in te stel.

Dugmore gaan vandeesweek self 'n paar keer sy drafskoene as deel van die program aantrek.